LAERSKOOL
DIE POORT

WAAR KINDERS NOG KINDERS KAN WEES.

+27 12 8080 820 | Plot 311, Kameeldrift-Oos, Derdepoort 0038 | annalie.leroux@poortjies.co.za | www.poortjies.co.za

6 November 2026

Geagte Ouers/Voogde

SKOOLGELD 2027

Die begroting vir 2027 is op 'n Algemene Jaarvergadering vir ouers, wat gehou is op 5 November 2026, goedgekeur. Die goedkeuring van die begroting hou direk verband met die aanname dat alle ouers/voogde vanaf Gr. RR – 7 hulle finansiële verpligtinge sal nakom en die skoolgeld getrou sal betaal.

A. SKOOLGELD VIR 2027

Graad R – 7	**2027**	
Totale skoolfonds betaalbaar per leerder vir 2027		
	Eenmalig	**11 Maande**
Skoolfonds 2027 vir Gr 1 – 7	R 25 850	R 2 350
Skoolfonds 2027 vir Gr R	R 26 950	R 2 450
Skoolfonds 2027 vir Gr RR	R 28 050	R 2 550
Volle betaling voor einde Januarie, 5% afslag vir Gr RR – 7 leerders.		
# Laaste datum vir betaling is 1 November 2027		

Voorlopige betaling van R2 350 vir Graad 1 – 7, R2 450 vir Gr R en R2 550 vir Gr RR is betaalbaar voor EINDE NOVEMBER VAN ELKE JAAR of met inskrywing van nuwe leerder/s. Let daarop dat die voorlopige betaling deel vorm van die volgende jaar se skoolgeld. Hierdie voorlopige betaling is geld wat ons broodnodig het om 'n gesonde kontantvloei te hê om onderrig-en-leermateriaal aan te koop om gereed te wees die dag as die skool begin. Daarom versoek ons u om voor die einde van hierdie jaar reeds die voorlopige betaling te betaal.

(NB! Ons vra mooi dat u asseblief hierdie betaling so gou as moontlik sal doen, aangesien daar baie groot uitgawes is aan die begin van die jaar).

B. **Beleid in verband met aansoek om korting op skoolgeld:**

- **Dit is nie 'n subsidie vanaf die GDO NIE - Korting word toegestaan deur die BEHEERLIGGAAM!**
- **Aansoeke moet jaarliks skriftelik voor 26 FEBRUARIE ingedien word by die Beheerliggaam. Die voorgeskrewe vorm is beskikbaar in die Administratiewe Kantoor by Me. Joelene Prinsloo. 'n Onvolledige vorm sal *nie* aanvaar word nie.**
- **Korting word bereken op die Gesamentlike Jaarlikse Bruto inkomste van beide ouers/voogde. (Geskeide ouers is ook gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die skoolgeld.) Die Beheerliggaam gebruik die voorgeskrewe formule soos uiteengesit in Regulasie 29311 van 18 Oktober 2006 om korting te bepaal.**

C. **VERPLIGTING OP OUER/S OM SKOOLGELD TE BETAAL EN APPÈLLE:**

Kragtens Artikel 39 en 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, is beide ouers aanspreeklik om verpligte skoolgelde te betaal en mag die skool betaling van hierdie verpligte gelde afdwing. Skoolgelde word volgens Wet as statutêre skuld geklassifiseer soos gedruk in Staatskoerant nommer 28864, Deel D, 24 (v) "Living expenses, inclusive of, but not limited to (cc) school fees".

- ***(1)'n Ouer* is aanspreeklik vir die betaling van die skoolgeld ingevolge Artikel 39 bepaal, tensy en tot die mate waartoe hy of sy van betaling vrygestel is kragtens *hierdie Wet*.**
- ***(2)'n Ouer* kan by die *Departement van Onderwys* appelleer teen 'n beslissing van 'n *Beheerliggaam* in verband met die vrystelling van sodanige *ouer* van die betaling van skoolgeld. (Vorm GDE 01.)**
- **(3)In die beslissing oor 'n appèl bedoel in subartikel (2) moet die *Departement van Onderwys* 'n behoorlike regsproses volg om die belange van die *ouer* en die *Beheerliggaam* te beskerm.**
- **(4)Indien 'n ouer ontevrede is met die besluit van die Beheerliggaam in verband met korting moet hy/sy binne 30 DAE APPELLEER by die Distrikskantoor. VORM: GDE 01.**

D. **DEBIETORDER:**

Aansoeke is reeds aangedui op Registrasie/Herregistrasievorms vir debietorders van 2027. Nuwe aansoeke vir Debietorders moet by Finansies aangevra word. Indien u reeds magtiging gegee het op die herregistrasievorm moet u asseblief nie weer aansoek doen nie.

E. **BANKKAARTE:**

Daar is ook 'n bankkaartstelsel waarvan u gebruik kan maak om skoolgeld te betaal.

F. **INTERNETBETALING: U is welkom om skoolgeld elektronies via die internet direk in die skool se bankrekening te betaal. Gebruik die Familiekode (verpligtend) as verwysing. Stuur bewys van betaling.**

G. **D6-CASHLESS: U is welkom om ook via die D6-Cashless applikasie te betaal. Ons versoek persone wat met die internet betaal, om in te skakel by die skool se D6-stelsel. Dit vergemaklik die skool se administratiewe stelsel. Kontak Joelene Prinsloo op Lsdiepoort@gmail.com indien u probleme het met die aflaai van die D6 applikasie.**

H. **DEBITEURE**: Alle agterstallige skoolgelde word onmiddellik oorhandig aan geregistreerde invorderingsmaatskappye.

Vriendelike groete

MNR J BREET	**MEV R LAAGE: VOORSITTER**	**MNR D SPIES**
HOOF	**VAN DIE BEHEERLIGGAAM**	**TESOURIER**

✂_____

Skeurbriefie **KENNISGEWING VAN SKOOLGELD 2027 – L/S DIE POORT**

Hiermee erken ek/ons _____ ouer/voog van _____ in Gr. __/__ ontvangs van die skrywe in verband met die Skoolgeld vir 2027. Ons onderneem om soos geskeduleer die skoolgeld te betaal.

HANDTEKENING: OUER/VOOG **DATUM: _____** **TEL. NO. _____**